

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

ALGEMEEN:

1. In hierdie skoolgemeenskap is 'n gedragskode noodsaaklik om opvoedkundige doelwitte van die skool te bereik. Die gedragskode is gebaseer op opvoedkundige doelstellings sodat die skool kan funksioneer as 'n harmoniese gemeenskap.
2. Orde, dissipline en respektering van elke individu vorm die basis en sukses van 'n gelukkige gemeenskap en Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode.
3. Die gedragskode ondersteun die basiese regte van onderwys, om te onderrig en 'n geordende leeromgewing daar te stel. Dit ondersteun ook die regte van leerders om te leer in 'n veilige en geborge omgewing
4. Die kode word daargestel om 'n klimaat van wedersydse selfrespek, selfdissipline en verantwoordelike gedrag te promoveer
5. Dissiplinêre aksie sal regverdig, paslik en konsekwent toegepas word. Dit sal gebaseer wees op korrektiewe maatstawwe
6. Die gedragskode erken die volgende: Die onderwyswette, die wet op basiese menseregte en 'n gedragskode vir personeel

DOELSTELLINGS:

1. Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwerking van sy / haar vermoëns en talente op alle opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef
2. Om aan elke leerder die geleentheid te gee om hom / haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en 'n saakmakende rol te speel
3. Om aan elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die skoolgemeenskap as 'n unieke individu met sy / haar besondere eienskappe en behoeftes
4. Om aan elke leerder die beginsel te leer van ingeborge waardigheid en het hulle die reg dat sy / haar waardigheid gerespekteer word en "om vir mekaar om te gee en mekaar se belange te respekteer" in 'n gees van samewerking en ondersteuning
5. Om aan elke leerder 'n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word en het hulle die reg op sindelike, higiëniese, goedversorgde skool en skoolterrein
6. Alle leerders het die reg tot onderrig in klasse en om te leer in alle goedgekeurde vakke wat in die skool onderrig word en om van alle skoolgeriewe gebruik te maak sodat hulle potensiaal ten volle ontwikkel kan word
7. Die skool strew om 'n gesonde, goeie verhouding tussen ouer, leerder en onderwyspersoneel daar te stel. Die ouer het die reg om sy kind te ondersteun en te verteenwoordig in sy opvoedingsomgewing/ fase

DIE LEERDER EN OPVOEDER:

1. Die gesag van opvoeders word aanvaar en die leerder onderwerp hom / haar aan die opvoeding en onderrig van die opvoeder
2. Opvoeders word met respek bejeën en 'n leerder moet saamwerk om ten volle te ontwikkel
3. Leerders moet die goeie naam van personeel beskerm en nie kwaadwilligheid saai nie
4. Opvoeders se eiendom en privaatheid moet beskerm en gerespekteer word
5. Leerders ontwikkel wedersydse vertrou deur openhartige kommunikasie met opvoeder
6. Konflikte en probleme moet deur erkende gesagskanale opgelos word

DIE LEERDER EN DIE SKOOL:

1. 'n Leerder onderwerp hom / haar aan die grondwet, skoolreëls en skoolprogram van die skool en probeer alles in sy / haar vermoë om aan skoolaktiwiteite deel te neem volgens eie talente en vermoëns
2. Respekteer die eiendom van die skool deur bewaring en versorging van skool eiendom
3. Lojaliteit teenoor die skool moet en alle tye gehandhaaf word en die goeie naam van die skool moet beskerm word

DIE LEERDER EN MEDE-LEERDERS:

1. 'n Leerder moet mede-leerders met respek behandel en hulle regte erken en beskerm
2. 'n Leerder moet besondere respek handhaaf teenoor die reg van 'n mede-leerder om onderrig te ontvang en praktyke vermy wat hierdie reg ondermyn
3. Privaat eiendom en die persoon van mede-leerders moet gerespekteer en beskerm word
4. 'n Leerder erken die gesag van mede-leerders wat tot leierposisies gekies word en bied heelhartige samewerking hierin
5. Die tugmaatreëls van die skool word aanvaar en elke leerder onderwerp hom / haar hieraan. Indien onbillike toepassing hiervan plaasvind word die erkende kanale tot appél gevolg

DIE GEDRAGSKODE VAN 'N PARKIE:

Hierdie is 'n skool wat waardes en lewensnorme handhaaf en by die leerders bevorder. 'n Parkie-leerder tree dus altyd soos volg op:

- ❖ 'n Parkie gehoorsaam die skoolreëls en die landswette

- ❖ 'n Parkie respekteer sy ouers en opvoeders
- ❖ 'n Parkie aanvaar gesag en onderwerp hom daaraan. Hy het daarom respek vir sy ouers, sy onderwysers en sy skool
- ❖ 'n Parkie bevorder sy medeleerders se belange en sal niks doen wat enige iemand benadeel nie.
- ❖ 'n Parkie vergeet nooit dat die skool se naam op die spel is wanneer ons 'n beeld uitstraal in die openbaar, hetsy op die sportterrein of andersins nie
- ❖ 'n Parkie het respek vir ander se kultuur, waardes en eiendom
- ❖ 'n Parkie is altyd eerlik en praat altyd die waarheid
- ❖ 'n Parkie voltooi sy / haar akademiese opdragte binne 'n gegewe tyd
- ❖ 'n Parkie is altyd gehoorsaam aan reëls en persone wat oor hom aangestel is, ten einde 'n voorbeeldige lewe te lei

Daar sal geen diskriminasie wees teenoor leerders en onderwysers wat HIV positief is nie, daarom sal almal behandel word asof hulle HIV positief is

DISSIPLINÊRE KODES: Sien ook Dissiplinêre beleid

Wanneer die gedragskode nie nagekom word nie, word die volgende stappe in werking gestel:

- Stap 1: Ouer word skriftelik in kennis gestel van oortreding na 10 punte.
 - Stap 2:(20) Ouer kom spreek die register onderwyser en betrokke personeellid, per afspraak.
- Hoof / Adjunkhoof neem die volgende besluite.
- Stap 3:(30) Leerling word vir 'n tydperk van een week uitgesluit van alle skool aktiwiteite
 - Stap 4:(40) Totale uitsluiting van skool. Alle bewyse word op kind se lêer geplaas

1. Die leerder kan na gespesialiseerde dienste verwys word.
2. Waar van toepassing kan kriminele klagte gelê word
3. Indien daar 'n vermoede is dat 'n leerder dwelms gebruik, sal hulle met die ouers se goedkeuring geneem word vir 'n urine monster om wel vas te stel of hulle dit gebruik of nie. Ouers sal die koste van die toets betaal. Indien die toets positief is sal die leerder verwys word na SANCA vir 'n evaluasie
4. Indien 'n ouer onbetrokke staan teenoor 'n oortreding sal die kind verwys word na een van die volgende:
 - Welsyn
 - Polisie
 - Maatskaplike werker
5. Dissiplinelys:
 - Briewe word uitgereik aan senior leerlinge (Gr. 4 tot Gr. 7)

Die dissiplinêre komitee bestaan uit die Hoof, Adjunk-Hoof, Departementshoof en Onderwyser.

Die ouer, graad personeellid en oortreder moet die sitting bywoon.

DISSIPLINE

1	Huiswerk nie gedoen nie	-2
2	Laatkom in klas / skool	-2
3	Trek nie volgens skooldrag aan nie	-2
4	Handig nie skeurstrokies van briewe in nie	-2
5	Rommelstrooi – terrein / klas	-2
6	Steurend in die klas	-2
7	Gereelde afwesighede	-2
	ERNSTIGE OORTREDINGS	-10
1	Onweloweglike taalgebruik	
2	Pornografie	
3	Diefstal	
4	Boelie / aanranding	
5	Minagting van gesag	
6	Liefkosing	
7	Vandalisme van skool of mede leerlinge se eiendom	
8	Selfoon gebruik	
9	Rassisme	
10	Terrein verlaat sonder toestemming	
11	Wangedrag in kleedkamers	
12	Brandstigting	
13	Dwelms en rook	
14	Onerlikheid in toetse en eksamen	
15	In besit van 'n gevaarlike wapen	

VLAKKE VAN ERKENNING – Positief

- Einde Kwartaal 1 Geen inskrywings VLAK 1
- Einde Kwartaal 2 Geen inskrywings VLAK 2
- Einde Kwartaal 3 Geen inskrywings VLAK 3
- Einde Kwartaal 4 Geen inskrywings VLAK 4

BELONINGS

VLAK 1	Wit lapelbalkie
VLAK 2	Koningsblou lapelbalkie
VLAK 3	Maroen lapelbalkie
VLAK 4	Kuier saam met hoof indien GEEN inskrywings vir die jaar

Indien 'n leerder inskrywings bv. TWEE in die Eerste Kwartaal kry en geen verdere inskrywings nie kwalifiseer hy/sy aan die einde van die Tweede Kwartaal vir VLAK 1.

'n Leerder kan ook terugval na 'n vorige vlak.

KENNISGEWING AAN OUER

Eerste Brief

Sodra leerder 10 punte bereik, word die ouer per BRIEF in kennis gestel – ouer MOET die brief teken en terugstuur na die Registeronderwyser. Die ouer moet op die skeurstrokie aandui hoe hy die probleem gaan hanteer.

Tweede Brief

Ouer maak afspraak by die Personeellid.

Derde Brief

Ouer maak afspraak by Mnr. Johan van Schalkwyk

Vierde Brief

Ouer kom spreek die dissiplinêre komitee bestaan uit - Adjunkhoof Personeellid en EEN BL lid wat die ouers verteenwoordig. Die Hoof tree namens die Onderwysdepartement op. 'n Leerder kan dan vir EEN (1) WEEK van skool uitgesluit word.